Psalm 27:8
SOEK MY AANGESIG

Bid die volgende sake deur in die volgende 30 minute of dan tot waar jy kom.

TOETREDE: Kniel en word stil …

Stilword

Kom maak my stil en rustig
Om voor U in die gees te buig,
Rustig tot my Heer te bid
En biddend te getuig.

Kom maak my stil en ned'rig
In die diepste van myself
Kom daal in my hart, o Heer,
Om U skatte daar te delf.

Kom skenk my die gesindheid
Om my naaste hoog te ag
Dat ek vir hom sal intree
Dat sy siel ook na U smag.

Kom maak my stil en rustig
Dat my stilte U vereer
Dat in die eer wat ek U bring
U my stilte sal verteer

MC du Toit

Vader, ek vra dat u Gees my vandag lei in my aanbidding tot U. Ek wil voor U buig in totale afhanklikheid van die Heilige Gees – Gees van God, lei U my gees om met U te praat sodat hierdie aanbidding werklik Gees-tot-gees kommunikasie is. My siel en gees dors daarna om met U te praat en voor U te buig.

LOF EN AANBIDDING (5 min)

Lees Eksodus 15: [1-18] biddend en besing God vir Sy grootheid, krag en majesteit

Bid die volgende: Ps 103 *(Verwerk) Here Ek loof U, met alles wat in my is. Ek besing U heilige Naam. Ek loof U Here want aan U liefde en goedheid is daar geen einde nie. Ek loof U want U is waardig om al die lof te ontvang, al die eer, al die heerlikheid en majesteit . [2]Ek loof U Here en vergeet nie een van U weldade nie. U weldade is so groot.*

SONDEBELYDENIS EN TOEWYDING (5 min)

[3]Dit is U wat al my sonde vergewe,- dankie Here vir die weldaad van vergifnis. Here daar is nog sonde waarmee ek nie gebreek het nie. Ek kom bely my sonde:

- *Sonde van versuim - waar ek nagelaat het om goed te doen. Ek noem die volgende sake...*
- *Sonde van gedagtes - waar ek in my gedagtes dinge gedink en gekoester het wat sondig was. Ek belyd ie volgende sake...*
- *Sonde van die daad – waar ek dinge gedoen het wat my gedrag en karakter as U kind geskaad het. Ek bely die volgende sake...*

Here U is [8]Barmhartig en genadig, lankmoedig en vol liefde. [9]U sal ons ons sonde nie bly toereken en nie vir ewig toornig bly nie. [10]U handel met ons nie volgens ons sondes nie, vergeld ons nie vir ons ongeregtighede nie, [11]want so groot as die afstand tussen hemel en aarde is, so groot is sy liefde vir dié wat U dien. [12]So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder U ons oortredinge van ons af.

Dankie Here vir hierdie versekering. Help my om elke dag meer en meer soos Jesus te word in karakter en krag. Die karakter en die krag van die Liefde. Ek wy myself aan U en vra dat U dit deur my sal doen.

DANKSEGGING

Dankie Here dat ek soos die psalm digter verder mag bid:
[13]Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien. [14]U weet waarvan ons gemaak is, U hou dit in gedagte dat ons stof is. [15]Die mens, sy lewensduur is soos dié van gras, soos dié van 'n veldblom wat oopgaan: [16]as die woestynwind daaroor waai, is dit weg en sy plek vir altyd leeg. [17]Maar onverganklik is die liefde van die Here vir dié wat Hom dien, sy trou vir opeenvolgende geslagte, [18]vir dié wat getrou bly aan sy verbond en sy voorskrifte nakom

Here, Dit is U wat al my siekte genees, - dankie Here dat deur U wonde daar vir my genesing bewerk is aan die kruis.
Dit is U [4]wat my red van die graf - dankie dat U vir my in Christus die Ewige lewe versker het
Dit is U wat my met liefde en ontferming kroon,- dankie dat U so genadig is
Dit is U [5]wat my die goeie in oorvloed laat geniet,- dankie vir U goedheid
Dit is U wat my die jeugdige krag van die arend skenk.- dankie dat U krag my elke dag dra

[6]U Here laat geregtigheid en reg geskied aan almal wat verdruk word.- Vader ek bid vir U geregtigheid en reg in lande waar daar oorlog, haat en lyding is. Daar is so baie plekke, U, weet van elkeen. Ek bid dit ook vir gesinne waar kinders verdruk word. Laat U geregtigheid en reg geskied asseblief.
[7]Aan Moses het U U wil bekend gemaak, aan Israel wat U van plan was om te doen.- Vader

- *ek bid vir die bekendmaking van U wil en U planne vir my persoonlike lewe. Wat is U individule wil vir my lewe? Waar wil U my gebruik binne U koninkryk? Open my ore dat ek duidelik U stem mag hoor, open my oë dat ek duidelik mag sien waar U my wil gebruik. Here ek is tot U beskikking. Gebruik my asseblief.*
- *ek bid vir die bekendmaking van U wil en U planne vir ons gemeente lewe. Wys aan ons hoe ons gemeente sterker en dieper kan groei en wat U planne is vir die tweede helfte van die jaar.Ons vra laat U wil geskied.*

[19]U Here het U troon in die hemel gevestig, U heerskappy strek oor alles en almal. [20]Loof die Here, magtige engele wat U opdragte uitvoer, U bevele gehoorsaam. [21]Loof die Here, alle hemelwesens wat U dien en U wil doen! [22]Almal wat deur U geskep is, ons loof U Here op al die plekke waar U heers! Ek loof U Here!

BID DIE WOORD: KARAKTER VAN GOD: JESUS AS MIDDELAAR EN INTERSESSOR (5min)

Lees en ***oordink*** die volgende teksgedeelde: Johannes 17:***9-23*** Lees en oordink veral verse 9-11 en ook vers 20. Lees ook Heb. 9:24: " *Want Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn." Ou Vertaling. (New Spirit Filled Life Bible: For Christ has not entered the holy places made with hands, which are copies of the true, but into heaven itself, now to appear in the presence of God for us.)*

- Here Jesus dankie dat ek kan weet, dat U al sover jare terug vir my gebid het en nou nog vir my bid, daar waar U in die hemel sit en vir my intree. Maak my nou deur u Gees bewus van hierdie geweldige erfenis wat ek as u kind het.
- Herinner my in elke situasie as ek my mond oopmaak deur u Gees om opbouende en positiewe woorde te spreek. Lê U dit in my mond, Here, en bewaar my tong deur u Heilige Gees se alomteenwoordigheid in my lewe.

GEBEDE VIR GEMEENTE EN GEMEENSKAP (10 minute)
II Cor 7:1-2: *Open your hearts to us. We have wronged no one; we have corrupted no one; we have cheated no one.* Heilige Gees, help my om te bid vir my eie verhoudings en die van mede-gelowiges.
" Stry saam met my deur vir my te bid dat God my veilig mag hou tussen al die ongelowiges in Judea en dat my hulp aan Jerusalem aanvaarbaar mag wees vir die gelowiges daar". Rom 15:30, 31

- **Ons bid vir Leiers dat hulle soos Josafat sal wees**
  In 2 Kron 20 is die voorbeeld van 'n menslike leier wat gedoen het wat reg is. Kom ons bid vir elke leier(in die jeugkerk, ouers in gesinne, kerkraad). Mag die Here hulle verder begelei in 2008. Mag 2008 die jaar wees waarin hy/sy reg sal optree deur:
  - met God op reis te wees en ander saam te neem
  - nie toe te laat dat vrese verlam nie, maar in elke omstandigheid kalm te bly
  - die aangesig en die wysheid van die Here te soek voor elke besluit of aksie
  - samewerking en eensgesindheid
  - na die stem van die Here te luister totdat hy/sy weet wat om te doen
  - sleutelpersone te kan identifiseer en die opdragte te gee wat elkeen moet doen
  - elke taak met presisie uit te voer.

Daar is daaglikse, volgehoue gebed vir geestelike leiers nodig. Deur gebed moet ons 'n ***"gebedskild"*** om ons geestelike leiers (omgeegroepleiers, jeugleiers, jeugkerk onderwysers, kerkraad, leraar, vrouediens) vorm. Bid die volgende asseblief.

- Bid vir **wysheid** en **onderskeidingsvermoë** – die leraar en leiers het 'n groot en verantwoordelike taak om die gemeente te lei. Ons vra spesifiek die Here se leiding met betrekking tot die detail sake vir die tweede helfte van die jaar. Bid dat die Here duidelik sal lei om die dinge te doen wat ons gemeente geestelik sal opbou, uitbou en God die eer sal bring. Kol 1:9b *"Ons vra God dat Hy deur al die wysheid en insig wat die Gees gee, julle(ons) Sy wil duidelik sal laat ken, sodat julle(ons) tot eer van die Here sal lewe, deur net te doen wat Hy verlang".*
- Bid dat hulle die **wil** van God vir hul lewens duidelik sal ken en doen.
- Bid dat hulle **tyd** by God se voete sal deurbring. Bid dat die Heilige Gees die Woord vir die leiers sal opbreek.
- Bid dat daar 'n **Goddelike band** van christelike liefde en eenheid tussen mekaar sal wees.
- Bid dat die leraar en leiers dieselfde **visie** sal hê en dat hulle een van hart en een van sin sal wees.
- Bid dat God self die leraar en leiers sal **toerus** vir hulle taak.
- Bid dat die leraar en leiers **nederig** sal wees en hulle lewens **rein** en **heilig.**
- Bid vir die nodige **lewensmiddele** en **finansies**.
- Bid vir **geestelike groei** in hul verhouding met God.

- **Ons bid vir ons Gemeente**
  *"The detonator that churches lack today, is prayer. **Prayer** has the power to ignite the dynamite of the gospel and powerfully shake the world".* John Maxwell
  Bid die volgende:
  - Dat ons gemeente die Heerlikheid van God sal ervaar tydens eredienste
  - Dat ons in Jebel Ali sal kan begin met 'n orkes begeleiding en dat die Here vir ons menses al stuur om so te kan bedien.

- Dat ons mense ‘n heilige eerbied en vrees vir God sal hê
- Dat ons gemeente gehoorsaam sal wees aan die groot opdrag om die Woord na die uithoeke van die aarde te neem, vlg Jes 55:11/Hand 1:8
- Vra die Here om duidelik te bevestig en te lei of ‘n Engelstalige Erediens in Shrajah moet begin op Vrydae
- Dat die gemeente die draer en beskermer van die Waarheid, 1Tim 3:14b, sal wees en dat die suiwer en ware Woord verkondig sal word
- Dat daar eensgesindheid onder gemeentelede sal wees
- Dat gemeentelede mekaar sal aanvaar soos Christus ons ook aanvaar het, tot eer van God
- Dat gemeentelede mekaar sal respekteer, bemoedig en ondersteun
- Dat gemeentelede geestelik volwasse sal (word) wees en dat Christus in mense gestalte sal kry. Ons bid dat ons meer en meer soos Jesus sal word in ons liefde en die vrug van die Gees in Gal 5:22. (lees dit na en bid dit vir ons gemeente)

Bid die volgende gebed:
Here, mag ons gemeente groei in ons liefde vir mekaar en vir alle mense. Mag ons op die dag wanneer U Here Jesus met U heilige engele kom, onberispelik en heilig voor U staan. Ons weet en is daarvan oortuig dat U wat die goeie werk in ons begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom. Vader, ons vra dat die gemeente se liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat ons die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. (Fil 1:9) (Uit: *Doelgerigte Gebed*, Bennie Mostert)

“Gebed is ‘n wêreldklas wapen in die stryd teen die kwaad”.
George Barna

“God’s child can conquer everything by prayer. Is it any wonder that Satan does his utmost to snatch the weapon from the Christian or to hinder him in the use of it?”
Andrew Murray

- **Gebedsbediening. Ons bid die volgende:**
  1. Ons dank die Here vir die L.I.G. – Huis bediening en ons bid dat die Here ons ‘n Lewend In Gebed (L.I.G. – Huis) gemeente sal maak en hou. Ons bid Ons vra dat die Here bidders sal opwek om Sy Koninkryk hier in die UAE deur gebed te help groei. Ons bid vir 28 Maart se gebedsbyeenkoms by Jan en Sharon se huis in die Meadows en vra dat meer mense daarby betrokke sal raak.
  2. Ons bid vir die Global Day of Prayer op Pinkster Sondag 11 Mei 2008 en vra dat die Here alle reelings in die verband sal lei en seen. Ons bid veral vir die 10 dae van gebed voor die tyd assok vir die samewerking met ander gemeentes om deel te neem aan hierdie dag. Ons beplan om die saam met Christ Church gemeente te doen maar vertrou dat ander gemeentes sal meedoen.
  3. Ons bid dat ons gebedsendelinge sal wees en ons bid vir ons sendelinge (Gerrit in Malawi en Charl in Morokko) vir die sendingwerk wat hulle onder die Moslems doen.
  4. Ons bid volhardend dat die Here deur ons gemeente ‘n groter 24/7 gebedsfokus sal vestig en dat ander gemeentes by ons sal aansluit sodat daar uiteindelik elke dag ‘n gemeente of gemeentes sal wees wat deel uit

maak van ‘n 24 uur van gebed 7 dae ‘n week vir elke dag van die jaar in die UAE..

5. Ons vra die Here se leiding rondom die Gebed “SUMMIT” wat Jerigo Mure in samewerking met ons wil aanbied in September of Oktober van 2008. Ons vra vir duidelike leiding van die Here in hierdie saak.
6. Ons bid vir meer gebedsgroepe wat gereelde weeklikse gebedsbyeenkomste hou van 19:00 – 21:00 eenmaal per week. Ons dank die Here vir die bestaande gebedsgroepe.

- Ons bid vir **ons gemeente se jeugbediening**
  - elke kleuter wat God hierdie jaar oor ons pad stuur. Bid dat hulle regtig ‘n ontmoeting met Jesus sal hê elke Vrydag wat hulle by ons is
  - geestelike groei en eenheid
  - dat al die kinders tuis sal voel by die kinderkerk.
  - dat die Here ons genoeg onderwysers (ouers van kinders) sal gee om ons kinders toe te rus met ‘n passie en ‘n hart om die kinders te bedien en
  - dat ouers wat hulle kinders se opleiding sal ondersteun deur self by die kerk betrokke te bly.
  - Ons bid spesifiek dat daar groter en gereelde bywoning van ons kinders sal wees. (Tans kom baie kinders een week en is hulle dan vir twee weke nie daar nie.)
  - Ons dank die Here vir al die mooi wat alreeds onder ons jeug gebeur.

Jeugspan

- eenheid tussen almal wat betrokke is.
- ‘n Koninkryksvisie en dat al die eer altyd aan ons Vader sal gaan.

Kinderkerk dienste

- leiding rondom die geestelike boodskap en kleingroep aktiwiteite wat gevolg word by die kinderkerk
- dat elke kinderkerk ‘n geestelike ervaring sal wees en dat die kinders werklik die Here sal ontmoet en leef-Christene sal word.

. **Bid vir:**

- alle beplanning, dat dit volmaak binne GOD se wil sal wees
- kragtige groei onder ons jeug en dat ons jeugbediening in Dubai elke jongmens sal sal bereik
- volhardende, volgehou gebed waardeur die geestelike stryd vir die jeug gestry kan word en dat God ware bidders na vore sal laat kom
- elke lid van die bediening, vir hulle beskerming teen die strategiese planne van die vyand
- die droom van 'n gebedsopleidingskampterrein vir die jeug, dat dit in 2008 'n werklikheid sal begin word.

Ons bid vir ons gemeente se toerusting

- dat ons ‘n liefde sal ontwikkel om God se Woord daagliks te lees en dat ons geestelik sal verdiep. Ons bid vir die toerusting in ons gemeente. Ons vra
- dat ons verskillende Bybelstudie geleenthede (selgroepe, Bybelskool, Vroue Bybelstudie) sal groei in getalle en elkeen liefde vir die Woord sal ontwikkel.
- dat die Here die prediking op Vrydae en Sondae ryklik sal seën

Ons bid vir die **uitbreiding van ons selgroepe** en vra

- dat die Here die leiers sal gee wat ons selgroepe moet lei asook die harte van mense sal oopmaak om by selgroepe betrokke te raak. Ons vra
- dat die Here ons selgroepe sal gebruik as ‘n evangelisasie middel om ander in te trek wat aan die kant staan of afvallig geraak het.

Ons bid dat **God se Eer die fokus van ons lewe sal word, wees en bly**. Ons wil met ons lewe die eer van God soek in alles wat doen

Ons soek die Here se aangesig vir persoonlike behoeftes (5 min)

1._____
2._____
3._____
4._____
5._____

Ons soek Sy aangesig deur te waak en te luister (5 min)

- Vra dat die Here nuwe dinge aan jou sal bekendmaak, (Veral ook dinge rakende ons gemeente) dinge waarvan Hy wil hê jy bewus moet raak en op moet let. Kan jy dit asb op skrif plaas en vir Ds Gert stuur.
- Vra dat Hy Sy wil en sy planne/strategieë aan jou sal bekendmaak. (Veral ook met betrekking tot ons gemeente.) Vra Hom na die dinge wat op Sy hart is waarvoor Hy wil hê dat jy moet bid. Skryf neer (hou dagboek) wat jy van Hom hoor.
- Sluit af deur vir die volgende persoon wat bid in die volgende halfuur, aan die Here op te dra en te vra dat die Here hom/haar sal seen.
- Dank die Here vir die geleentheid om deel te kon neem aan die 24 uur van gebed.